

# INHOUD

---

Oor my storie	x
Voorwoord	xi
Kindertyd 1932–1953	1
Europa 1954	24
Groot debute 1955–1959	43
Intense tye, intense rolle 1960–1965	101
Kammersängerin 1966–1971	139
Huis toe 1973	165
Beskouings	204
Chronologie	215
Bronne	243
Register	244
Operas	249

# OOR MY STORIE

---

Met hierdie boek wil ek uitreik na my mense wat my deur al die jare gedra en geïnspireer het. Sonder die gehore sou ek nie kon sing of presteer nie.

Die hoogtepunte van my sangloopbaan was altyd dié oomblikke wanneer ek gevoel het dat my sang mense geraak en ontroer het. Hierdie vreugde gun ek elke sanger uit Suid-Afrika. Dis iets wat 'n mens aanspoor en besiel, 'n krag wat jou na nuwe hoogtes voer.

My outobiografie was ook 'n soort reis deur my verlede. Daar was tye van intense verlange en hartseer, maar ook ervarings van onvergeetlike vreugde en dankbaarheid.

Ek kyk terug op 'n lewe waarvoor verskeie persepsies bestaan en deel hier my storie, die waarheid, in die vertroue dat iets daarvan tot elke leser sal spreek.

Deur my hele lewe het sang en musiek my gerig, vervul, gered. In byna al my *Lieder*-aande het ek Franz Schubert se komposisie van Schober se *An die Musik* gesing, met oorgawe en dankbaarheid vir dié gawe. Dis 'n lied wat my bybly en in my hart eggo:

*Du holde Kunst, in wieviel grauen Stunden,  
Wo mich des Lebens wilder Kreis Umstrickt,  
Hast du mein Herz zu warmer Lieb entzunden  
Hast mich in eine bessere Welt entrückt.*

*Oft hat ein Seufzer, deiner Harf entflossen,  
Ein süßer, heiliger Akkord von dir  
Den Himmel besser Zeiten mir erschlossen,  
Du holde Kunst, ich danke dir dafür!*

*Mini Coetzee*

nege keer daar gesing, en tussen 1955 en 1962 altesaam meer as vyfhonderd keer, op verskeie plekke, in vier tale. Uiteindelik kon ek dit nie meer vat nie.

As jy moet weet hoeveel tapisseriewerk ek tussen die twee arias van die Koningin van die Nag gedoen het! Jy sit vir ten minste 'n driekwartier voor die eerste aria, dan sit jy weer vir 'n uur of langer voor die tweede. Ek kon naaldwerk doen, of 'n speletjie met 'n sangmaat speel. Hulle roep jou as jy moet kom optree; die radio is in elk geval aan en jy hoor die opera die hele tyd in jou kamer.

Ek wás 'n dramatiese koloratuur, daarom kon ek, ook volgens ander, die Koninin van die Nag reg doen. Namate 'n mens ouer word, verloor jy die hoë note. Terwyl ek dit nog kon sing, het ek opgehou, eintlik omdat ek verveeld was.



Die Musikverein.

Die enigste aand wat ek senuweeagtig was, was toe ek vir die eerste keer Mahler se Agste Simfonie onder leiding van Hans Swarowsky in die Musikverein gesing het. Waarom? Omdat ek sterk onder die indruk was van al die geskiedenis en tradisie: ek sing in dieselfde saal waar Bruno Walter,

Toscanini, Von Karajan en al die ander groot geeste al gedirigeer en gesing het; en hier staan ek, 'n japsnoet uit Suid-Afrika, op dieselfde verhoog. Dit was intimiderend en my hart het angstig geklop. Ek het dit darem oorkom en nog voordat ek klaar gesing het, het die applous ontplof.

Teen November 1955 was die herbou van die Staatsopera afgehandel. Met die heropening op 5 November het ek buite gestaan saam met Roelof en Bessie. Dawid was binne, waar hy vir die SAUK uitgesaai het.

Derduisende mense het saamgedrom terwyl slierte pap ys op ons reën. Dit was nie gewone sneeu nie, maar sulke vormlose drelle. Reuse-luidsprekers was hoog teen elke hoek van die gebou

nege keer daar gesing, en tussen 1955 en 1962 altesaam meer as vyfhonderd keer, op verskeie plekke, in vier tale. Uiteindelik kon ek dit nie meer vat nie.

As jy moet weet hoeveel tapisseriewerk ek tussen die twee arias van die Koningin van die Nag gedoen het! Jy sit vir ten minste 'n driekwartier voor die eerste aria, dan sit jy weer vir 'n uur of langer voor die tweede. Ek kon naaldwerk doen, of 'n speletjie met 'n sangmaat speel. Hulle roep jou as jy moet kom optree; die radio is in elk geval aan en jy hoor die opera die hele tyd in jou kamer.

Ek wás 'n dramatiese koloratuur, daarom kon ek, ook volgens ander, die Koninin van die Nag reg doen. Namate 'n mens ouer word, verloor jy die hoë note. Terwyl ek dit nog kon sing, het ek opgehou, eintlik omdat ek verveeld was.



Die Musikverein.

Die enigste aand wat ek senuweeagtig was, was toe ek vir die eerste keer Mahler se Agste Simfonie onder leiding van Hans Swarowsky in die Musikverein gesing het. Waarom? Omdat ek sterk onder die indruk was van al die geskiedenis en tradisie: ek sing in dieselfde saal waar Bruno Walter,

Toscanini, Von Karajan en al die ander groot geeste al gedirigeer en gesing het; en hier staan ek, 'n japsnoet uit Suid-Afrika, op dieselfde verhoog. Dit was intimiderend en my hart het angstig geklop. Ek het dit darem oorkom en nog voordat ek klaar gesing het, het die applous ontplof.

Teen November 1955 was die herbou van die Staatsopera afgehandel. Met die heropening op 5 November het ek buite gestaan saam met Roelof en Bessie. Dawid was binne, waar hy vir die SAUK uitgesaai het.

Derduisende mense het saamgedrom terwyl slierte pap ys op ons reën. Dit was nie gewone sneeu nie, maar sulke vormlose drelle. Reuse-luidsprekers was hoog teen elke hoek van die gebou



Ek en Diego trou. By ons is Hendrik Luttig, ons ambassadeur.

hier af is ons direk na my plasie Caro Nome by Kameeldrif buite Pretoria. Daarna het ons die Bosveld besoek en ook 'n draai in die Kaap gemaak.

Ek het (uiteraard!) gesing terwyl ek hier was, eers in die Aula saam met die TRUK-orke onder leiding van Leo Quayle, en toe in 'n *Lieder*-uitvoering ter stywing van my beursfonds. Die pianis en komponis Pieter de Villiers het my begelei.

Ná slegs drie weke was ons terug in Wene. Ons het 'n villa net buite die stad gehuur, in Hitzing in die dertiende distrik, gerieflik binne loopafstand van die Schönbrunn-paleis. Hier by Auhofstrasse 46 kon ek weer 'n bietjie tuinmaak, want ons het in die onderste deel gewoon, op die grondvlak. In die buiteland was daar andersins nie veel geleentheid om tuin te maak nie.

is deur die Italiaanse ontwerper Schubert gemaak, en ek het lemoenbloeisels in my hare gedra. Ná die troue het ons na sy ouers in Cesena gery, waarna ons vir die wittebrood van Napels af Suid-Afrika toe gevlieg het.

Toe ek en Diego getroud is, het baie kollegas in Wene my verkwalik. Hulle het gevra hoekom ek nie net in 'n verhouding met hom bly nie. 'Waarom met hom trou?'

In Suid-Afrika was die nuus van my troue 'n sensasie, te meer omdat 'die Brighi's' hulle wittebrood hiér sou hou.

Omtrent die hele land het ons op Jan Smuts-lughawe ingewag. Van

gereed en kon darem sonder foute optree.

My eie opening was 'n week later. Ek was teen hierdie tyd gesond en die bravura van die 'Poppelied' het die opera tydelik tot stilstand gebring. Na vele hoogtepunte het die gehoor my en Waldemar lank toegejuig.

Ek en Diego het op die punt gestaan om Suid-Afrika te besoek, maar eers het ek deelgeneem aan 'n aand van Weense musiek in die Theater an der Wien. My bydraes was die Czardas uit *Die Fledermaus* en toe ook die Strauss-wals *Wiener Blut*.



Otto Schenk, regisseur by die Weense Staatsopera. Die foto is in 1978 geneem.

Vroeër in 1966 het ek op aandrang van dr. Verwoerd belowe om met die Republiekfees in die Kango-grotte te sing, op voorwaarde dat hy self daar sou wees. Toe dit tyd word om dié belofte na te kom, was hy dood.

Rondom die vyfde Republiekfees het ek die opvoering van N.P. Van Wyk Louw se feesdrama *Die pluimsaad waai ver* in Bloemfontein bygewoon en dit regtig baie geniet. Toe ek dit vir Dok sê, het hy duidelik nie saamgestem oor die opvoering nie. 'Is jy oortuig daarvan?' het hy net gevra. Die polemiekie wat sy toespraak by die Monument ontketen het en sy kritiek teen *Pluimsaad*, was 'n landwye knal van simbale.

Ek was in Wene toe ek van dr. Verwoerd se dood hoor, en ek het van baie kollegas briefies en blomme van meegevoel gekry. Hulle het geweet dat ek hom persoonlik geken het.

Tannie Betsie het kort daarna by haar dogter-hulle in Keulen gekuier. Van haar familie het vir my gesê sy was baie sterk, toe bel ek haar die dag. Ek vra toe vir Anna se suster om met tannie Betsie te praat. Toe sy my stem oor die foon hoor, begin sy onbeheerbaar huil. Dit was glo haar eerste huilsessie en die begin van 'n gevoel

4 September gas op die SAUK-TV-program *Collage*, met uittreksels uit *Die Spaanse uur* (Ravel), 'n opvoering van die Österreichisches Rundfunk (ORF), in die rol van Concepción.

Oktober, solis in die *Messias* (Händel), by St John's College, Johannesburg, met die Randse Afrikaanse Universiteitskoor, NSO, Chris Swanepoel, dir.

6 November, solis in die Bach-fees by die Duitse skool in Pretoria, met Sjoerd Beute, Sharon de Waal, en Pierre du Toit, die Oratorio-koor van Pretoria, Henning Wagner, dir.

## 1989

25 Februarie, as Almaviva in *Die huwelik van Figaro* (Mozart), in 'n opvoering deur Francois Swart vir TRUK-Opera, met Peter Knapp, Werner Nel, Michelle Breedt, Hanre Lass, Barry Coleman, en Alexander Sander, dir.

3 Augustus, gas op die Radio Allegro-program *Sangers van formaat*.

16 Augustus, aanbieder by die Staatsteater van 'Debuut met Mimi', met Johan Botha, Michele Corbin, Alma Oosthuizen, en Hanli Stapela, met die NSO, Christopher Dowdeswell, dir.

## 1990

10 Mei, as Naomi Brink in Franz Marx se televisiedramareeks 'Adam' op SAUK-TV.

3 November, as Liu in *Turandot* (Puccini), in die Staatsteater, Pretoria, met Sophia Larson, Andre Howard, Barry Coleman, en Pieter Niemann, in 'n Neels Hansen-opvoering, met Carlo Franci, dir.

## 1991

19 Junie, as Musetta in *La Bohème* (Puccini), in 'n TRUK-opvoering deur Neels Hansen, met die NSO, Carlo Franci, dir.

16 Augustus, aanbieder by die Staatsteater, 'Debuut met Mimi'.

5 Desember, as solis in *Requiem* (Mozart), met Elizabeth Lombard, Gerhard le Roux, Hans van Heerden, by die geleentheid van die 200ste herdenking van die komponis se dood.

## 1992

Mei, debuut as regisseur in die opvoering van Ravel se *Die Spaanse uur* in 'n studente-produksie vir TRUK-Opera en die Opera-opleidingsentrum.